



# PRO VERITATE

**A. M. HUGO**

Buitekerklike Bewegings

**JACK CURTIS**

Christ and South African Law and Tradition

**D. M. NORMAN**

Ministry — What Future, If Any?

**W. B. DE VILLIERS**

My Church, My Wife and I

**DANTE ANDERSON**

Faith At Work

*Jaargang V, Nr. 11 | Volume V, No. 11 15 March, | Maart 1967*

# PRO VERITATE

CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA  
CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper  
By die Hoofposkantoor as Nuusblad geregistreer

## EDITORIAL

### EDITOR:

Dr. B. Engelbrecht.

### EDITORIAL COMMITTEE:

Bishop B. B. Burnett; Rev. J. de Gruchy; Rev. A. W. Habelgaarn; Rev. E. E. Mahabane; Rev. J. E. Moulder; Rev. C. F. B. Naudé (Chairman); Rev. R. Orr; Prof. Dr. A. van Selms.

## ADMINISTRATION/ CORRESPONDENCE

### CIRCULATION MANAGER:

Dr. W. B. de Villiers.

All letters to the editor and administration to: P.O. Box 487, Johannesburg.

## SUBSCRIPTION

Subscription payable in advance.

Land and sea mail: R1 (10/- or \$1.40) — Africa; R1.50 (15/- or \$2.10) — Overseas.

Air mail: R2 (£1 or \$2.80) — Africa; R3.50 (£1.17.6 or \$5.00) — Overseas.

Cheques and postal orders to be made payable to Pro Veritate (Pty.) Ltd., P.O. Box 487, Johannesburg.

## PLEASE NOTE

The editorial staff of Pro Veritate state herewith that they are not responsible for opinions and standpoints which appear in any article of this monthly other than those in the editorial and editorial statements.

PRO VERITATE appears on the 15th of every month.

(Price per single copy 10c).

## IN THIS ISSUE . . .

- Dr. André Hugo makes some penetrating remarks on the question whether the General Synod of the D.R.C., by its rejection of the Christian Institute as an extra-ecclesiastical organisation, has given itself account of what the Church really owed to so-called extra-ecclesiastical organisations in its own history and existence. . . . P. 4
- Jack Curtis gives his views on the question of what the place of Jesus and His teaching might be in the present political dispensation in South Africa. P. 7
- The Rev. D. M. Norman discusses the critical situation in which the ministry of the Church finds itself at present and indicates its opportunities and possibilities in this time. P. 9
- Prof. B. B. Keet tells of a British theologian who left the R.C. Church and of the reasons he mentioned for his decision. P. 10
- Dr. W. B. de Villiers deals with the problem which Church councils have to face in carrying into effect the decision of the General Synod of the D.R.C. by which members of the Church are forbidden to be members of the Christian Institute. . . . P. 11
- The Rev. Paul Duffett meditates on the incomparable power of Christ's resurrection. . . . P. 15
- In a short article under the title "Faith at Work" the Rev. Dante Anderson pleads for a more sincere and active commitment of believers to the Lordship of Jesus. . . . P. 16

## IN HIERDIE UITGAWE

- Het die N.G. Kerk, toe hy die Christelike Instituut as 'n „buiterekkerlike beweging" veroordeel het, hom daarvan rekenskap gegee wat hy aan sogenaamde buiterekkerlike bewegings in sy eie geskiedenis en bestaan verskuldig is? Dr. André Hugo wy 'n ernstige bespreking aan hierdie vraag. . . . Bl. 4
- Jack Curtis gee sy menings oor die vraag wat die plek van Jesus en sy lering in die huidige politieke bestel in Suid-Afrika sou kan wees. . . . Bl. 7
- Eerw. D. M. Norman bespreek die kritieke situasie waarin die kerklike ampsbediening hom tans bevind en dui geleenthede en moontlikhede daarvoor in die teenswoordige tyd aan. Bl. 9
- Prof. B. B. Keet vertel van 'n Britse teoloog wat die R.K. Kerk verlaat het en van die redes wat hy daarvoor aanvoer. . . . Bl. 10
- Dr. W. B. de Villiers stel die probleem waarvoor kerkrade geplaas is m.b.t. die verbod wat die Algemene Sinode van die N.G. Kerk uitgevaardig het op lidmaatskap van die Christelike Instituut. . . . P. 11
- Eerw. Paul Duffett mediteer oor die onvergelyklike krag van Christus se opstanding. Bl. 15
- In 'n kort artikel onder die titel "Faith at Work" pleit eerw. Dante Anderson vir 'n inniger, aktiewe toewyding van gelowiges aan Jesus, die Here. . . . Bl. 16

Editorial:

## Rejectable Compromise

**The defenders of the politics of apartheid in South Africa have every right to analyse, weigh and judge criticism which is levelled at this policy. It can certainly not be denied that the policy of apartheid is also being opposed and rejected by schools of thought which are not biblically orientated. The fact remains, however, that the most irrefutable criticism against this policy comes from the Bible itself.**

It is simply a futile endeavour when adherents of the faith in apartheid continuously attempt to evade even this fundamental criticism by reducing everything which contradicts apartheid, without exception, to the denominator of liberalism or any other -ism and by either branding believers who speak from the truth of Scripture as deliberate fellow-travellers of foreign ideologies or attempting to ridicule them as stupid and infatuated instruments of such ideologies. These persons are accused of being too dull-brained to realise what they are being used for. By so doing the confessors of apartheid only prove themselves to be standing head in the sand like the proverbial ostrich against the eternal Word of God, upon which the policy which South Africa has chosen for herself must and will shatter itself sooner or later. Of this nobody need have any doubts.

The fact that the politics of apartheid in South Africa has become so rejectable is most intimately connected with the attitude adopted towards it by the most influential part of the Church in our country. It is as the result of the religious and ecclesiastical sanctioning of the policy of apartheid that Christian criticism of it has become so radical that Christians whose view of life and the world is anchored in the truth of Scripture can with deepest conviction, only reject it. When, with formal ecclesiastical authority, the Bible is brought on to the political stage to canonize apartheid, it must obviously be expected that there will be Christians who will not only greet this action on the part of the Church with a heart-felt "no", but who will for this very reason also have no other choice than to adjudge apartheid as such as an abominable heresy.

Every political policy under the sun which claims to be Christian, be

the quality of the "Christianity" it wishes to exhibit ever so pure, is essentially no more than a compromise, a compromise between that which is God's purpose with the world and the life of men, and the way in which it materialises in our sinful existence. This compromise is only tolerable and acceptable for our Christian faith if it emerges from the continuous struggle and wrestling of man to shape his earthly life and its organisation in accordance with God's purpose. A compromise in the sense of bending and distorting the divine truth in order to employ it for the justification of the sinfulness and selfishness of the flesh is, however, a condemnable error and a mockery of God. The politics of apartheid is rejectable to the Christian faith not so much because it is a compromise but because this compromise has been made so absolute by an appeal to God.

When the Church as bearer of the revelation of God in this world, directs herself to the world and proclaims God's purpose with it, she cannot do so other than in "perfectionist" terms. Nothing less dare be impressed upon the sinner than that he is God's child through the sacrifice of Christ; nothing less dare be impressed upon the world than that the kingdom of God has descended upon it; nothing less dare be impressed upon the society of men than that righteousness and love are the only and exclusive foundations upon which it is to be organised. The Church must proclaim the kingdom of God in the world and summon all towards faith in this kingdom. And the faith towards which the Church summons men does not merely consist of an emotional or intellectual acceptance of her message. Faith which is real faith always passes over into life, even though it does not thereby lose its character of faith.

The transition from faith to life, nowhere and never takes place in this sinful world other than by way of compromise. Compromise belongs to the essence of the kingdom of God as it is realised in this sinful world by the Holy Spirit during this dispensation, i.e. until Christ shall come again. The believer who is God's child for ever in Christ never appears here in a form other than that of the sinner who struggles hard to enter through the narrow gate; in the community, of which we believe righteousness and love to be the foundations, there is a constant struggle for the attainment of love and righteousness; the world in which the kingdom of God has come agonises with sighs and labour pains in expectation of the revelation of the children of God. That is why the Church is not moralistic and perfectionistic, even though that which is perfect, and nothing but this, is the content of her message. She is patient with compromise. In her essence she is herself an image of compromise. Until faith one day becomes transformed into beholding, there is no other form in which salvation is experienced in this world than the form of compromise. Therefore the Church does not despair of her message, does not become disappointed and embittered and does not judge unmercifully when she sees the world and men battling in the struggle for sanctification, even though they be ever so deeply fallen into sin.

It is a different matter, however, when the Church, instead of tolerating compromise with love and patience as she observes it in the life of men and the people, and striving to transform it into faith, proceeds to justify it analytically; and worse: when compromise becomes the content of her preaching.

As far as the political (which includes the social and economic) organisation of national life, also in South Africa, is concerned, the Church has a quite specific witness to bear: that it should take place on the basis of the belief that, in Christ, the kingdom of God has come into the world and in the expectation of

a new heaven and a new earth in which righteousness will live. Where a society is organised on the basis of this belief, the utmost will be done to do so according to the demands of righteousness, love, the brotherhood and the equality of all men before God, which are fundamental in a world which should be experienced as the kingdom of God. As far as the preaching of these things is concerned, no compromise is possible. This, and nothing else, the Church must impress also upon South Africa as God's will. It belongs to the essence of the matter, however, that the manner in which, in the reality of political practice, these things are believed in, i.e. where faith passes over into life, the result would be a paradoxical compromise, so much the more perhaps in a multi-racial and multi-national country like South Africa, because there are issues at stake here which apparently quite radically contradict the experiencing and realisation of Christian brotherhood. And although the idea of apartheid does not command an inch of room within the Christian gospel, it is quite conceivable that the Church will

have to observe her unambiguous message of love, brotherhood and righteousness coming to realisation in life on the political level in numerous shapes of compromise in which "apartheid" still maintains itself provisionally. Concerning this the Church will have to judge with love and charity and have patience with it for the time being. She may not, however, absolutise the compromise as God's will and legitimize it in her witness. Then she is no longer bearer of the gospel of the kingdom, but has become a servant of sin. The Church must encourage and strengthen the sinner in his struggle to bring his earthly life and its organisation into accordance with God's will. She may not, however, encourage the sinner in this evil of subjugating God's will to his own. Then a compromise is made which is despised by God.

It is a foolish exercise of clerical and political advocates of apartheid never to portray criticism of this policy other than as conscious or unconscious servility to political powers and world-wide trends of a leftist nature. A biblical view of life and the world which is determined

by the biblical expectation for the future stands, in final analysis, as the strongest condemnation of this "apartheid" which, with its self-appointment as a doctrine of salvation founded in Scripture, is the greatest general heresy which has ever yet found adherents in the Church and among the people in South Africa. In view of this, the rejection of apartheid must undoubtedly also be seen as an attitude of biblical arch-conservatism, whilst the canonisation of apartheid, with a direct or indirect appeal to Scripture, must be regarded as a biblical and theological liberalism of the worst kind. No Christian believer and no political leader in South Africa need doubt that, sooner or later, we will be faced with the avenging righteousness of God if we follow a political policy which derives its character of compromise not from an attempt to bring life, in the fallen part of the world where we live, into accordance with God's purpose, but from the disobedience with which we are trying to bend God's will to comply with the demands of sinful flesh. For God does not allow himself to be mocked.

#### Inleidingsartikel:

## *Verwerplike Kompromis*

**Dit is die goeie reg van die verdedigers van die apartheidspolitiek in Suid-Afrika om kritiek wat teen hierdie beleid ingebring word, noukeurig te ontleed, te weeg en te beoordeel. Dat die apartheidspolitiek ook teengestaan en verwerp word deur gedagterigtinge wat nie aan die Bybel georiënteer is nie, durf sekerlik nie ontken word nie. Feit bly egter dat die onomstootlikste kritiek teen hierdie beleid uit die Bybel self kom.**

Dit is eenvoudig 'n futiele onderneming as die aanhangers van die apartheidsgeloof voortdurend trag om selfs hierdie fundamentele kritiek te ontwyk deur sonder uitsondering alles wat apartheid weerspreek, onder die noemer van die liberalisme of enige ander -isme te bring en gelowiges wat vanuit die Skrifwaarheid spreek, òf te brandmerk as bewuste meelopers van vreemde ideologieë òf belaglik te probeer maak as stomme en verdwaasde instrumente daarvan wat te onnosel is om te besef waarvoor hulle gebruik word. Daarmee blyk die belyers van apartheid slegs soos die spreekwoordelike volstruis met

die kop in die sand te staan teenoor die ewige Woord van God waarteen die beleid wat Suid-Afrika vir hom gekies het, hom vroeër of later moet en gaan te pletter loop. Daaraan hoef niemand te twyfel nie.

Die verwerplike van die apartheidspolitiek in Suid-Afrika hang ten nouste saam met die houding wat die invloedrykste deel van die kerk in ons land daarteenoor inneem. Die Christelike kritiek teen die apartheidspolitiek het veral as gevolg van die religieuse en kerklike sanksionering daarvan dié graad van radikaliteit bereik waarmee Christene wie se lewens- en wêreldbeskouing in die Skrifwaarheid ver-

anker is, dit met die diepste oortuiging slegs nog kan verwerp. As die Bybel met die formele kerklike gesag op die politieke toneel gebring word om apartheid te kanoniseer, moet vanselfsprekend verwag word dat daar Christene sal wees wat nie slegs teenoor hierdie kerklike handelwyse 'n hartgrondige „nee" sal laat hoor nie, maar wat juis daarom dan ook geen ander keuse sal hê as om apartheid as sodanig as 'n gruwelike kettery te beoordeel nie.

Elke politieke beleid onder die son wat daarop aanspraak maak om Christelik te wees, al is die kwaliteit van „Christelikheid" wat dit wil vertoon nog so groot, is wesenlik niks meer nie as 'n kompromis, nl. tussen dit wat God met die wêreld en die menselewe bedoel en dit wat in ons sondige bestaan daarvan verwerklikbaar is. Hierdie kompromis is slegs dan duldbaar en vir

die Christelike geloof verwerkbaar as dit ontstaan uit die voortdurende stryd en worsteling van die mens om sy aardse lewe en die inrigting daarvan met Gods bedoeling in ooreenstemming te bring. 'n Kompromis in dié sin dat die goddelike waarheid gebuig en gewring word om dit aan te wend ter regverdiging van die sondigheid en selfsug van die vlees, is egter 'n verwerplike dwaling en 'n bespotting van God. Die verwerplike van die apartheids-politiek vir die Christelike geloof staan nie soseer in verband met die kompromis-karakter daarvan nie as met die sondige verabsolutering van hierdie kompromis met 'n beroep op God.

Wanneer die kerk as draer van die openbaring van God in hierdie wêreld hom tot die wêreld rig en die bedoeling van God daarmee uitspreek, kan hy nie anders as om dit in „perfeksionistiese” terme te doen nie. Aan die sondaar mag niks minder voorgehou word nie as dat hy deur die offer van Christus Gods kind is; aan die wêreld mag niks minder voorgehou word nie as dat die koninkryk van God daarin gekom het; aan die samelewing van die mense mag niks minder voorgehou word nie as dat die geregtigheid en die liefde die enigste en uitsluitlike grondslag is vir die inrigting daarvan. Die kerk moet die koninkryk van God in die wêreld uitroep en al wat leef tot geloof in hierdie koninkryk oproep. En die geloof waartoe die kerk oproep, bestaan nie slegs in 'n emosionele of verstandelike aanvaarding van sy boodskap nie. Geloof wat egte geloof is, gaan altyd oor in lewe, al verloor dit nie daarmee sy karakter van geloof nie.

Die oorgang van geloof in lewe geskied in hierdie sondige wêreld dan ook nêrens en nooit anders nie as op die wyse van die kompromis. Die kompromis behoort tot die wese van die Godsryk soos dit in hierdie bedeling, d.w.s. totdat Christus weer sal kom, deur die Heilige Gees in die sondige wêreld gerealiseer word. Die gelowige wat in Christus vir ewig Gods kind is, verskyn hier nooit anders nie as in die gestalte van die sondaar wat hard stry om in te gaan deur die nou poort; in die gemeenskap waarvan ons glo dat geregtigheid en liefde die grondslag is, moet daar om die liefde en die geregtigheid geworstel word; die wêreld waarin die Godsryk gekom het, ver-

keer in sugte en barensnood in afwagting op die openbaarmaking van die kinders van God. Daarom is die kerk nie moralisties en perfeksionisties nie, al is die volmaakte, en niks anders as dit nie, die inhoud van sy boodskap. Hy het geduld met die kompromis. Hy is self in sy wese 'n kompromis-gestalte. Totdat die geloof eenmaal oorgaan in aanskoue, is daar geen ander vorm waarin die heil in hierdie wêreld beleef word as dié van die kompromis nie. Daarom wanhoop die kerk nie aan sy boodskap, raak hy ook nie teleurgesteld en verbitterd en oordeel hy nie onbarmhartig as hy die wêreld en die mense in die stryd van die heiligmaking sien worstel, al is dit ook nog so diep in die gevallenheid in die sonde nie.

Die saak staan egter anders as die kerk die kompromis, soos hy dit in die lewe van die mense en die volk waarneem, i.p.v. met liefde en geduld te verdra en gelowig te verwerk, analities gaan regverdig; en erger: as die kompromis die inhoud van sy verkondiging word.

Wat die politieke (waarby ingesluit is die sosiale en ekonomiese) inrigting van die volkslewe, ook in Suid-Afrika, betref, het die kerk 'n heel spesifieke getuienis, nl. dat dit moet geskied op die grondslag van die geloof dat in Christus die koninkryk van God in die wêreld gekom het en in die verwagting van nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon. Waar 'n samelewing vanuit hierdie geloof georden word, sal daar tot die uiterste gegaan word om dit te doen volgens die eise van die geregtigheid, die liefde, die broederskap en die gelykheid van alle mense voor God wat fundamenteel is in 'n wêreld wat as koninkryk van God beleef wil word. Wat die verkondiging van hierdie dinge betref, is daar geen kompromis moontlik nie. Dit, en niks anders nie, moet die kerk as Gods wil ook aan Suid-Afrika voorhou. Dit lê egter in die wese van die saak dat die wyse waarop dit in die werklikheid van die politieke praktyk geglo word, d.w.s. waar die geloof in lewe oorgaan, 'n paradoksale kompromiskarakter sal vertoon, wat miskien juis in 'n veelrassige en veelvolkige land soos Suid-Afrika des te paradoksaler sal wees omdat hier faktore in die spel is wat die beleving en realisering van die Christelike broederskap skynbaar radikaal weerspreek. En alhoewel die apartheidsidee in die Christelike

evangelie geen duimbreed plek het nie, is dit goed denkbaar dat die kerk sal moet aanskou dat sy on-dubbelsinnige boodskap van liefde, broederskap en geregtigheid in talle kompromisgestaltes waarin „apartheid” hom voorlopig nog handhaaf, in die lewe op die politieke vlak tot verwerkliking kom. Daarvoor sal die kerk met liefde en barmhartigheid moet oordeel en daarmee sal hy voorlopig geduld moet hê. Hy mag die kompromis egter nie as Gods wil verabsoluteer en in sy getuienis legitimeer nie. Dan is hy nie meer draer van die evangelie van die koninkryk nie, maar het hy dienaar van die sonde geword. Die kerk moet die sondaar bemoedig en versterk in sy stryd om sy aardse lewe en die inrigting daarvan met Gods wil in ooreenstemming te bring. Hy mag die sondaar egter nie sterk in sy kwaad om Gods wil aan sy eie wil ondergeskik te maak nie. Dan word 'n kompromis voltrek wat deur God verag word.

Dit is 'n dwase bedryf van kerklike en politieke pleitbesorgers van apartheid om kritiek teen hierdie beleid nooit anders voor te stel as bewuste of onbewuste gediensigheid aan linkse politieke magte en wêreldstrominge nie. 'n Bybelse lewens- en wêreldbeskouing wat deur die Bybelse toekomsverwagting bepaal word, staan per slot van sake as die sterkste veroordeling teenoor dié apartheid wat met sy selfdaarstelling as 'n Skrifgefundeerde heilsleer die grootste algemene kettery is wat nog ooit in kerk en volk in Suid-Afrika aangehang is. Gedagtig daaraan moet die verwerping van apartheid sonder enige twyfel óók gesien word as 'n houding van 'n Bybelse oer-konserwatisme, terwyl die kanonisering van apartheid, met 'n regstreekse of onregstreekse beroep op die Skrif, beoordeel moet word as 'n Bybelse en teologiese liberalisme van die ergste graad. Geen Christengelowige en geen politieke leier in Suid-Afrika hoef daaraan te twyfel dat ons dit vroeër of later te doen sal kry met die wrekende geregtigheid van God as ons 'n politieke beleid volg wat sy kompromis-karakter nie ontleen aan 'n gelowige strewe om die lewe in hierdie gevalle stuk wêreld waar ons woon met Gods bedoeling in ooreenstemming te bring nie, maar aan die ongehoorsaamheid waarmee ons Gods wil probeer buig na die eise van die sondige vlees. Want God laat Hom nie bespot nie.

# BUITEKERKLIKE BEWEGINGS

— DR. ANDRÉ HUGO

In die klagstaat wat deur die jongste Algemene Sinode van die N.G. Kerk teen die Christelike Instituut opgestel is, word as eerste beswaar aangevoer dat genoemde Instituut „'n buitekerklike organisasie” is.

Merkwaardig, so 'n uitspraak! Merkwaaardig, omdat dit te kenne wil gee dat elke buitekerklike organisasie uit die aard van die saak 'n verkeerde ding moet wees, terwyl 'n oomblik se nadenke tog voldoende moet wees om elkeen te laat insien dat hierdie uitspraak op sigself geen gewig kan dra nie. Dit sou alléén gewig kan dra wanneer daar met vers en kapittel aangetoon kon word dat sodanige organisasie kragtens sy doelstellings en aktiwiteite 'n bedreiging vorm vir die kerk wat uitspraak doen. Dit is 'n **neutrale** uitspraak, wat alleen normatiewe inhoud kan kry uit 'n nadere omskrywing van die feite van die geval. En tog staan dit daar, lewensgroot voor op die wa, asof dit op sigself reeds 'n ernstige bedenking teen die Christelike Instituut sou wees!

Maar hierdie uitspraak word des te merkwaaardiger wanneer 'n mens 'n blik slaan op die kerkgeskiedenis. Elkeen wat in die kerkgeskiedenis geïnteresseerd is, sal weet dat die Kerk van Christus altyd weer nuwe lewenskrag geput het uit, en nuwe korreksie ondergaan het deur die bewegings wat buite die amptelike kerklike kanale om onder die lidmate ontstaan het. Met 'n bietjie oordrywing, maar beslis nie sonder waarheid nie, sou 'n mens kon beweer dat dit juis die „buitekerklike bewegings” was wat nog altyd die kerk gehelp het om kerk te bly! Hier voor my lê die jongste uitgawe van **Die Voorligter**, amptelike maandblad van die N.G. Kerk. Daarin vind ek twee treffende voorbeelde van bogenoemde waarheid. Laat my dit net kortliks noem, want dit kom nou uit onverdagte bron!

## DIE RÉVEIL

Ds. W. Hovy skryf 'n kort stukkie oor César Malan, daardie talentvolle Franse predikant wat in die vroeë dekades van die 19de eeu soveel gedoen het om die gees van die Protestantse Kerke van Europa wakker te skud, en wie se naam onafskeidelik verbode is aan die beweging wat ons ken as die **Réveil**.

Dan skryf hy:

„Die Réveil was geen kerklike beweging nie, maar het uitgegaan van lede van Christelike kerke wat ontevrede was met die gees van modernisme wat in die teologiese wetenskap en op die kansel die suiwer Woord van God en die versoeningsleer deur Christus verwerp het. In Nederland was een van die leiers die uit die Jodedom bekeerde Isaac de Costa en sy vriend, Capadose. Da Costa het in sy huis gereeld Bybellesinge gegee, waartoe 'n groot aantal heilbegeerige Christene toegang gehad het. Hoewel hulle teen die dwaalleringe in die Hervormde Kerk getuig het, het hulle in die Hervormde Kerk gebly.”

Toe ek hierdie woorde lees, het ek dadelik vir myself gesê: Dit kan byna onveranderd ook gesê word van die Christelike Instituut. Vervang slegs die woord „modernisme” met „rassisme” en „versoeningsleer deur Christus” met „eenheidsleer in Christus”, en dit word alles kontemporêr! Maar wonderlik genoeg: die Réveil was 'n goeie ding, terwyl die Christelike Instituut uit den bouse is!

Ek wonder regtig, ja ek wonder wat baie van ons predikante vandag sou sê as 'n bekeerde Jood — en dan bowendien ook nog 'n **slim** Jood, soos Da Costa was — hier op Stellenbosch sou begin om gereelde Bybelkringe in sy huis te hou, en as steeds meer lidmate van die gemeente na daardie Bybelkringe sou stroom! En as die bewuste Jood dan ook nog sou verkondig dat die heersende teologie in ons kerk 'n valse teologie is, wat afwyk van die suiwer Evangelie en van die Dordtse Formuliere! — Da Costa en Capadose het lank al hul veilige nissies gekry in die heldegalerie van die Nederlandse Kerkgeskiedenis. Hier voor my het ek 'n ou boekie van Capadose wat deur my grootmoeder en haar vriendinne stukkend gelees is. Die Réveil en sy leiers is vandag volledig gekanoniseer. En onwillekeurig kom die vraag by my op: Wat sal, oor honderd jaar, die oordeel van die nageslag wes oor die

tans verguisde en vervolgte leiers van die „buitekerklike” Christelike Instituut? Ek wonder dikwels of hierdie soort van vraag nie ook somtyds opkom by diegene wat vandag so fel tekere gaan teen die Christelike Instituut nie.

## DIE ONTWAKING IN DIE 18DE EEU

In dieselfde Voorligter is ook die pragtige feesrede opgeneem wat dr. Wm. Nicol op 3 Desember 1966 by geleentheid van die eeufees van die gemeente Utrecht (Natal) gelewer het, onder die titel **Seëninge van 1866**. Dit is 'n besondere toespraak, en ek sou al die lesers van hierdie blad wil aanmoedig om dit te gaan lees. In die loop van hierdie rede het dr. Nicol ook 'n kort terugblik gewerp op die geskiedenis van die Gereformeerde Protestantisme in die 17de en 18de eeue, en die doodse verstarring geskets wat in daardie tyd langsamerhand ingetree het, in Europa sowel as aan die Kaap. En dan gaan hy voort:

„**Goddank, daar het weer reaksie gekom. Die ware gelowiges begin mekaar opsoek ook buite verband met die kerk.** Daar word saam gebid en bepraat oor die ewige dinge en oor die belange van Gods koninkryk. Heeltemal onafhanklik van mekaar en soms met heelwat dwaalleer daarby ingemeng, openbaar 'n nuwe lewe hom in Duitsland, Nederland, Engeland en Skotland. Meer en meer word leraars gevind wat deur **die lewende godsdiens** beïnvloed is voor hulle koms na Suid-Afrika. Dit gebeur nogal meermale in die geskiedenis van die Kerk dat nuwe lering wat nie heeltemal suiwer is nie, die Kerk dwing om weer rekenskap van sy geloof te gee en daardeur nuwe lewe en belangstelling wek. So het dit in die Kaap gegaan. Manne soos ds. M. C. Vos, ywerig in die getuienis en in die gebed, stigter van die S.A. Sendinggenootskap, het veel gedoen om persoonlike vroomheid by die volk aan te moedig.”

In hierdie geval durf ons nie sonder meer 'n parallel met die Chr. Instituut trek nie. Dit sou uitermate voorbarig wees om byvoorbeeld te

kenne te wil gee dat die lede van die C.I. vandag in hierdie land die „ware gelowiges” is! En ons wil ook vertrou dat daar nie in ons geledere allerlei „dwaalleer” gevind word nie! Maar die sentrale punt van ooreenkoms is daar, en dit is baie belangrik: naamlik, dat die vernuwing in die kerklike lewe van die 18de eeu sy ontstaan gehad het in **private kringe**, in die veel gesmade „konventikels”, in die sendinggenootskappe wat deur „leke” op die been gebring is — kortom, in ’n magtig-aanswellende stroom van **buitekerklike** aktiwiteit. Die mense wat daarmee begin het, moes die spot van hul medemense en die verbete teenkanting van hul predikante en kerklike owerhede verduur. Hulle is uitgemaak vir dweppers en wargeeste en roervinke en wat nie al nie. Hulle het **verwarring** gestig! Hulle het die rus verstoort! Hulle wou hulle die reg aanmatig om die kerk op sy pligte te wys! Geagte leser, kom hierdie geluide u nie seldsaam bekend voor nie? Waar het u hierdie selfde aanklagte nog onlangs vernem, en teen wie was dit gerig?

### SENDINGPIONIERS OP STELLENBOSCH

Vir my as inwoner van Stellenbosch was dit ook nog altyd ’n bron van besieling (om nie te sê van vertroosting nie) om te dink aan die pioniersdae van die sending in hierdie gemeente. Die liewe goeie ds. Meent Borchers en sy kerkraad was in beginsel hoegenaamd nie teen die sending gekant nie, maar hulle het darem ook nie uit eie beweging ’n vinger verroer om dit aan te help nie. Danksy die deeglike M.A.-tesis van dr. W. B. van der Vyver, **Die Geskiedenis van die Stellenbosse Gemeente 1800—1830** (Argief-Jaarboek 1958), weet ons vandag in alle besonderhede hoe sake destyds hier gesteld was. Toe die drie Herrnhutterse sendelinge Schinn, Kühnel en Marsveldt in 1792 met hul werk op Genadendal begin, het ds. Borchers en sy kerkraad dit as ’n oortreding op hul gemeentelike terrein beskou — asof hulle sêf ooit iets vir die arme Hottentotte van die Overberg wou doen! — en het hulle werklik daartoe oorgegaan om die Kaapse owerheid te versoek dat die „secte” uit hul gemeentelike pale verban word na ’n gebied waar nog geen christelike gemeente bestaan nie.

Maar twee ouderlinge het teen hierdie besluit sterk beswaar gemaak: J. N. Desch en J. Groenewald. En gelukkig was die Politieke Raad in Kaapstad van dieselfde gevoele as hierdie twee ouderlinge, en het daar van die versoek van die Stellenbosse Kerkraad niks gekom nie. Die Herrnhutters is toegelaat om ongehinderd voort te gaan met hul prysenswaardige werk op Genadendal, en vandag staan die jaartal 1792 met groot syfers geskrywe in die geskiedenis van die sending in Suid-Afrika. Maar as dit van die Kerkraad van Stellenbosch afgehang het, dan was dit in die kiem gesmoor! So ’n gebeurtenis moet ons wêl ernstig laat nadink oor predikante en kerkrade, en oor die ernstige dwalinge waaraan hulle hul kan skuldig maak.

Maar ook die plaaslike sendingwerk op Stellenbosch self was ’n saak wat deur „gewone leke” begin is, en wat **ten spyte van** die kerkraad moes sukkel om vaste grond onder die voete te kry. Die sendingentoesiaste soos Desch, en Meeuwes Bakker, en Jacobus Hamman, was seker nie altyd baie taktvol of verstandig nie, maar **hulle** het die begin gemaak, en hulle het die gemeente sendingbewus gemaak — nie die Kerkraad nie. Slegs langsaamhand en skoorvoetend het ds. Borchers en sy kerkraad met hierdie onverskrokke pioniers begin saamwerk. Die **Stellenbosse Medewerkende Genootskap** is op 21 November 1801 gestig sonder enige medewerking van kerklike kant, en ds. Borchers het selfs nie eens kans gesien om sy naam op die ledelys te plaas nie! Sy beswaar? Dit staan opgeteken in die kerkraadsnotule van 28 Julie 1801. Daar heet dit dat hierdie genootskap „als buiten de kerk, ten minste niet met ons voorafgaand overleg, was opgerigt”, en dat die kerkraad daarom voorlopig niks met die onderneming te doen wil hê nie! Buiten de kerk! Sien u hoe die ou draad hier deurloop? Dit was ’n buitekerklike beweging! — Maar vandag staan hier op die Braak ’n sierlike sendingkerk met die jaartal 1823 op die gewel as monument vir die geloofsmoed van daardie „buitekerklike” beweging, en pluk die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk die vrugte van die ondankbare pionierswerk wat deur daardie verguisde mense gedoen is. Dit is voorwaar ’n geskiedenis wat deur ons teologiese studente ter harte geneem mag word; want ons

beleef vandag ’n herhaling van daardie geskiedenis.

### DIE A.C.V.V. EN DIE C.S.V.

Dit tref my as iets merkwaardigs dat ons in Suid-Afrika (soos ook elders in die wêreld) tans ontwaak tot ’n nuwe waardering van die **Amp van die Gelowige** (ek hoef in hierdie verband slegs die naam van Prof. J. C. G. Kotzé te noem), en dat ons terselfdertyd sien hoe ’n groeiende getal Afrikaanse predikante hulle beywer om elke uiting van spontane geestelike lewe onder die lidmate met mag en geweld onder **kerklike beheer**, dit wil sê, onder die beheer en seggenskap van predikante te bring. „Kerk” is vir hierdie mense skynbaar sinoniem met „predikant”; waar die predikant nie die hoogste woord het nie, daar is alles dadelik „buitekerklike”! Kan daar erger misvatting bestaan? En tog sien ons dit voor ons oë gebeur, en kan ons — as ons die lus daartoe het — dit gereeld lees in die eltelange briewe oor „Kerk en Vereniging” wat die korrespondensiekolomme van Die Kerkbode laat kreun onder hul gewig.

Die Afrikaanse Christelike Vroue-Vereniging (A.C.V.V.) is gebore uit die vroomheid en uit die sosiale gewete van die N.G. Kerk. Geen vrug was ooit meer organies verbode aan die boom wat dit dra, as wat die A.C.V.V. aan die N.G. Kerk verbode is nie. Maar . . . dit is gestig deur vroue, nie deur predikante nie; dit word beheer deur vroue, nie deur predikante nie; en wat meer is, dit floreer! Nog al die jare was dit ’n saak van trots en dankbaarheid vir die ganse N.G. Kerk; maar vandat daar enkele jare gelede ontdek is dat daar so-iets as „buitekerklike verenigings” in die wêreld is, is in ons kerklike pers en in die kerklike vergaderings ’n kunstmatige antitese tussen **kerk** en **vereniging** opgebou, en staan die arme A.C.V.V. dag en nag onder swaar bombardement. Gelukkig, die dapper susters het hul goeie voorsprake in die Sinode, en tot dusver kon hulle die spervuur nog weerstaan; maar die feit dat daar so ’n spervuur is, en dat die A.C.V.V. moet veg vir haar bestaan as onafhanklike vereniging, is ’n onheilspellende uiting van kerklike outokrasie. Dit kan nie skerp genoeg veroordeel word nie.

Dieselfde geld ook vir die droewige geval van die **Christen-Studen-**

**tevereniging van Suid-Afrika.** Ek hoef nie veel daarvoor te sê nie. Vanaf 1896 het hierdie vereniging 'n onmisbare, 'n skitterende, 'n unieke werk gedoen onder die skoolgaande en studerende jeug van Suid-Afrika. Daar is talle van ons wat persoonlik kan getuig van wat dit vir ons beteken het om lid te wees van die C.S.V. Daar is seker honderde predikante van die N.G. Kerk wat dit ook kan getuig, en wat dan ook nog daaraan kan toevoeg dat hulle nie vandag in die bediening sou gestaan het, as daar nie in hul jong jare 'n C.S.V. was nie. Die hoofkantoor van die vereniging was al die jare op Stellenbosch gevestig (Posbus 25, onthou u nog?), en die hoofsekretaris was al die jare 'n hooggerespekteerde proponent van die N.G. Kerk. Die oorgrote meerderheid van die lede was van die N.G. Kerk, en op haas elke dorp van ons land is die weeklikse normaalklasse vir kringelers gelei deur die plaaslike predikant.

